Fase C toetse is die enigste toetse waar die voerinname van die bulle individueel gemeet word en waar voeromsetdoeltreffendheid dus bereken kan word. Fase C toetse duur normaalweg 84dae na ‘n aanpassingsperiode van 28 dae. Geen minimum aantal diere per toets is nodig nie, aangesien rantsoene gestandaardiseer is en vergelykings van alle bulle wat die toets doen, gedoen kan word. Bulle moet tussen 151 en 250 dae oud wees met die aanvang van die toets en daar is bepaalde gewigsgrense vir elke ras. Die LNR bied jaarliks tydens die Pretoria Skou die Kompetisie aan waar elke ras wat aan die prestasie toetsskema van Face C Bulle deelgeneem het, ‘n bul kan nomineer. Die Genootskap het besluit om die Pinzgauer bul, Heinz en die PinZ²yl bul, Zeus te nomineer. Die bulle ontvang dan toekennings naamlik. Goud, Silver en Brons volgens hulle prestasie, swak pressteerders moet geslag word. Net bulle met ‘n Goue of Silver meriete mag deelneem. Die bulle word dan tydens die Pretoria Skou visueel geevalueer en ‘n algehele wenner word aangewys, 16 Bulle van 16 rasse het vanjaar gekwalifiseer om deel te neem.

PINZGAUER B13-0090 HEINZ VAN BERTIE VAN ZYL (EDMS) BPK

PINZ²YL PZ13-0229 ZEUS VAN BERTIE VAN ZYL (EDMS) BPK

Elke jaar, tydens die Pretoria Skou, is ook die LNR se elite-koei toekennings. Hierdie toekennings gaan aan die beste produseerende koei van elke ras wat aan die nasionale vleisbeesaantekeningskema en -verbeteringskema deelneem. Die beste elite-koeie word geselekteer vanuit die elite-kategorie van die LNR se jaarlikse toekennings aan hoogs produserende koeie. Vanjaar het die eienaars van koeie uit 24 rasse sulke toekennings gekry.

PINZGAUER KOEI PGJ04-0181 VAN DIE CUPPACCINO PINZGAUER STOET ONTVANG 2015 SE TOEKENNING VIR UITSTAANDE PRESTASIE

PINZ²YL KOEI PZ03-0236 VAN MATHOMO PINZ²YL STOET ONTVANG 2015 SE TOEKENNING VIR UITSTAANDE PRESTASIE